

WAAR DIE REËN opwaarts val

Mosi-oa-Tunya, die rook wat donder, word dit genoem. Liesl Roodt het onlangs die Victoria-waterval, een van die sewe natuurwonders van die wêreld, besoek. En die koloniale nostalgie van 'n hotel op die Zambezi ervaar

Reënboë is bedags te sien in die sproei wat vanaf die dek op die rivieroewer sigbaar is. En saans is dit die ideale plek om met 'n mengeldrankie in die hand die ondergaande son te bewonder.

Die kuierstoep, sitkamer en Reisigerskroeg van die Royal Livingstone Hotel, deel van die Anantara-groep, aan die Zambië-kant van die Victoria-waterval. ONDER Die tuimelende water.



Oorgroot waaiers wat uit 'n ekstraheë plafon hang, karring lui die namiddag-bries deurmekaar. Donker hout en leer vorm 'n statige kontras met die ligte bekleedsel waarmee die kussings oorgetrek is. Op die tafel voor my is 'n vierlaag-skinkbord met 'n garnaalkelkie met kwarteleier, koue komkommersop, toebroodjies met gerookte salm, en roomkaas en komkommer. Ook gebak wat van 'n peer-frangipani-tert tot karamel-eclairs insluit. Voorgesit saam met die lieflike aroma van die Ceylon Leopard-tee van Sri Lanka. Die breekgoed pragtige geblonde Royal Albert met goue randjies. Agter die groot, ou kroegtoonbank beweeg personeel sag soos skimme, terwyl keurige klavierspel deur 'n plaaslike man van Livingstone die ruimte vul. Aan die ander kant van die groot glasdeure wat oopgeskuif is, is die breë

stoep. Aan die onderkant daarvan 'n groen tapyt van gras wat tot teenaan die Zambezi-rivier strek.

Meer koloniaal as dit kry jy nie, dink ek. Selfs nie die blinkblou swembad met die spannetjie sebras afgeëts daaragter kan die illusie versteur nie. Totdat 'n Japannese toeris in sy speedo en goggles op sy kop voor my inbeweeg om die diere af te neem. Die Royal Livingstone Hotel in Zambië is inderdaad 'n hutspot van kulture. En die kleredrag wissel van T-hemde en plakkies tot pare wat lyk asof hulle *Out of Africa* gekyk het voor hulle hul vir hul Afrika-safari uitgerus het.

Die vorige middag was my eerste kennismaking met een van die sewe natuurwonders van die wêreld vanuit die lug. Eers het dit gelyk asof rook vanuit 'n reuse-skeur in die aarde opstyg. Soos die vliegtuig nader gekom het, kon jy duidelik die waterval sien, waarvan die sproei meer as 400 m die lug in styg. >

< Wanneer ek my later 'n paar honderd meter bevind van waar massas water oor 'n afstand van 1 700 m meer as 100 m na benede tuimel, verkyk ek my aan die reën wat honderde meters die lug opskiet; in die sproei 'n reënboog van die een oewer na die ander. Die dek waar gaste by die hotel skemerkelkies kan drink, staan met my besoek met sy voete in die rivier, wat in Mei glo die volste in tien jaar was. Dis van hier waar jy die sonsondergang oor die rivier aanskou met krieke wat die nag aankondig.

Aandete by die hotel is 'n keuse om in die restaurant te eet of tussen die reuse-bome op die grasperk. Klein lampies op die tafel tesame met sterre bo jou kop sorg vir die atmosfeer, terwyl die sebras ook kom oë was as jy gelukkig is.

Op my eerste aand daar eet ons aandete op die Royal Livingstone Express, 'n pragtig gerestoureerde stoomtrein wat aansluit by die koloniale tema van die hotel. Kleredrag is netjies, maar nie almal het hulle daaraan gesteur nie en diegene in T-hemde en plakkies het ook saamgery, al kos dit \$190 per kop. Ingesluit by jou vyfgangete is al jou drank, asook 'n heerlike geskiedenisles oor Zambië deur Peter Jones van die plaaslike toerismeraad. Onder meer vertel hy dat Zambië die enigste rugbyspan is wat nog nooit deur Nieu-Seeland geklop is nie, en dat Australië nog nooit 'n krieketwedstryd teen hulle kon wen nie! As jy meer wil weet, gaan jy maar moet opklim en saamry. Die hoogtepunt is wanneer die trein net

voor sonsondergang op die brug tussen Zambië en sy buurland Zimbabwe stop, met 'n uitsig op 'n deel van die waterval. Daarna wieg en skommel die waens terug voor gestop word vir aandete.

My eerste naby aanskoue van die waterval is die volgende oggend. Ná 'n buffet-ontbyt met byna alles wat jou hart begeer, sit ek af na die waterval so tien minute se stap van die hotel, met onbeperkte toegang vir gaste. Soos jy nader kom, hoor jy dit, en die volgende oomblik tuimel die water bruisend na benede. Water wat in Mei letterlik soos 'n gordyn oor jou neerstort en die val wegsteek wanneer jy op die besigtigingsbrug daarnaas loop. Net buite die ingangshek na die waterval kan jy heerlik onderhandel met die plaaslike mense oor soeweniers.



KLOKSGEWYS VAN BO LINKS

Die Reisigerskroeg is veral bekend vir sy verskeidenheid jenerewer, onder meer een wat van die plaaslike mundambi-blom gemaak word. • Die beste manier om die hele waterval te sien. • Die pragtig gerestoureerde eetsaal van die Royal Livingstone Express. • Met SARIE se besoek in Mei was die rivier so vol en die sproei van die val so erg, dat bitter min van die val sigbaar was. • Sebras is 'n algemene gesig op die grasperke.



KLOKSGEWYS VAN BO LINKS Een van die kamers met 'n uitsig op die waterval. • High tea in die Reisigerskroeg. • 'n Massering langs die Zambezi met die kabbeling van die rivier is hemels. • Een van die kameelperde wat elke nou en dan 'n besoek kom aflê het. • Seker een van die swembaddens met die mooiste uitsig. • 'n Romantiese aandete vir twee of 'n groep onder die bome is 'n spesiale bederf.



Foto's verskaf Illustrasie Getty Images/Gallo Images

Hoor hulle jy is van Suid-Afrika, is hulle selfs meer geneë om afslag te gee. En niemand gee om om in rand betaal te word nie, "want ons is mos bure".

Om op te maak vir die feit dat ek nie die waterval in al sy glorie kon sien nie, het ek die tweede oggend saam met Batoka Sky 'n vlug in 'n muggietuig oor die val onderneem. 'n Vlug wat my onder meer ook gevat het oor 'n groot familie seekoeie wat soos bosluise in die water gelê het, met selfs 'n paar olifante en 'n krokodil op die oewer sigbaar.

'n Spa-massering hierna in 'n gazebo wat uitkyk oor die rivier, laat die laaste spanning uit my lyf vloei. Nadat ek vir oulaas gou weer 'n draai by die val gemaak het, maak ek my langs die rivier tuis op 'n bankie wat aan 'n boomtak hang en kyk na die misreën wat die voorspel is van die bruisende water wat volg. Ek dink aan die inskrywing in David Livingstone se dagboek nadat hy dié skouspel in November 1855 die eerste keer gesien het. "No one can

imagine the beauty of the view from anything witnessed in England . . . but scenes so lovely must have been gazed upon by angels in their flight."

Dis die laaste aand van my kort besoek en toe die laaste strale van die son verdwyn, begeef ek my vir oulaas na die sitkamer vir 'n gin & tonic. Weer vul sagte klavierklanke die lug. Naby die stoep rook vier of vyf mans sigare.

Nog 'n ervaring op my kluiklaplysie is afgemerk. Die Royal Livingstone is nie goedkoop nie, dis immers 'n vyfsterhotel, maar beslis aan te bevele vir 'n spesiale geleentheid. Vriendeliker personeel het ek lanklaas teëgekomp en die omgewing is pragtig. Ek skat ek sal in 'n ander tyd van die jaar moet terugkom om te sien hoe lyk die val wanneer die Zambezi leër is.

* Die besoek was op uitnodiging van die Royal Livingstone Hotel en SARIE het met BA via Johannesburg na Livingstone en terug gevlieg.

OM TE WEEET

- BA en die SAL het elk daaglik een retoervlug tussen Johannesburg en Livingstone.
- Kenia Airways het retoervlugte tussen Kaapstad en Livingstone op Dinsdae, Woensdae, Vrydae en Sondae.
- Jy het nie 'n visum nodig nie, net 'n geldige paspoort.
- Die Zambiese geldeenheid is kwacha en is gelyk aan R1,50. Dis handig om byderhand te hê vir footjies, maar oral waar ek was, was die mense bereid om rand as betaling te aanvaar.
- Die witwatervaarte op die Zambezi is van September tot April wanneer die rivier laer is.
- Die kos was lekker, maar het nie altyd die prys regverdig nie.

Meer: www.anantara.com/en/royal-livingstone